

# KOERSVAS


Jaargang 2    Uitgawe 38    25 April 2014

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Die waarheid

Die verkiesing is op pad. Sommige Bondslidmate gaan glad nie stem nie en diegene wat gaan stem, gaan elk met eie motivering vir 'n party van voorkeur stem.

Die aanloop tot die verkiesing word soos altyd gekenmerk deur skerp retoriek van alle kante, gerig teen vyande – werklik en denkbeeldig. Daar is baie strooioppe wat opgestel word, net om weer met volle salvo's opgeblaas te word. ('n Strooiop argument is om 'n skynargument in jou teenstander se mond te lê en dan die argument te weerlê. Dan vertel jy aan almal dat jy die teenstander oorwin het.)

Halwe waarhede word as volle skandale voorgedra en talle leë beloftes word gemaak. Politici gebruik elke podium en elke geleentheid om kiesers te oortuig, af te rokkel, te paai. Geld en eiendom word herverdeel.

Ons moet almal onthou; dit is alles verkiesingsretoriek.

Daar is soveel leuens, halwe waarhede en onmoontlike pypdrome wat as feite en beloftes voorgedra word - tot na die verkiesing.

Skielik is die skandaal nie so groot nie, die teenparty nie so sleg nie en die beloftes vergete. Ja, in verkiesingstyd is die waarheid nie 'n welkome gas by die meeste politici nie.

'n Belofte wat gemaak word net om nooit gestand gedoen te word nie, is net soveel 'n leuen as enige ander oortreding van die negende gebod.

Die leë beloftes en ydele dreigemente van almal met 'n mikrofoon in die hand, moet liefsvol met 'n knippie sout geneem word. Om jouself te ontstel oor dit wat nou gesê, beloof en gedreig word, is om te veel gewig te gee aan politiekery. Die leuen kan so vinnig soos weerlig wees, die waarheid sal hom steeds agterhaal. Ons sal in die maande en jare na die verkiesing sien hoeveel van dit wat nou gepropageer word, is waar. Moet jouself daarom nie in hierdie tyd te veel aan politieke toesprake steur nie.

## NUUSBROKKIES

BEVESTIGING VAN DS LOUIS ALBERTS EN SY GESIN TE KOSTER HERVORMDE KERK 6 April 2014

Wanneer mens na die plattelandse dorpie Koster, in Noodwes Provinsie, kyk, is dit opvallend dat die platteland swaarkry. Mens staan diep onder die indruk dat die gemeente onder felle aanslag van meerdere magte gestaan het. Maar daar is ook ander dinge wat gebeur in Koster. Wanneer mens die dorpie binnery, sien jy kerktorings, en ons glo dat die Here ook daar is.

Sedert die gelowige en opregte teenstand teen 'n nuwe ongeloof, wat reeds vir 'n geruime tyd in die kerk broei, was Kostergemeente gereeld in die spervuur: die afgelope 3 jaar het met baie spanning vir gelowiges in Koster gepaard gegaan. Nie alleen is gemeentedele vertrap en verwerp nie, maar is daar deur menslike toedoen, 'n predikant verguis, 'n gemeente bykans verwoes.

Maar dan kom mens op 'n Sondagoggend, 6 April 2014, by 'n kerkgebou aan, en jy weet sommer dis 'n kerk van God, ons mense. Mens soek huiwerig na 'n gemaklike sitplekkie in 'n volgepakte waaiervormige kerk en mens kan wyd kyk..... en jy sien bekendes, bemindes, almal..... En mens word vir 'n oomblik stil, want jy besef hoe nietig jy in die hele skepping van God is, hoe groot God se genade is, dat jy deel van dit alles op aarde mag wees.

Die kerkgebou word gevul met orrelmusiek, elke vierkante sentimeter daarvan, bekende kerkliedere, liedere wat ons van kindsbeen af gehoor het in die kerk, en jy word rustig, jy voel tuis, jy het Huis toe gekom ..... So gaan die konsistoriedeure oop en mense met eerbiedige gesigte, maar 'n vonkel in die oog stap die kerk binne, mense gevul met die Gees..... Dan begin die erediens, stigtelik, ordelik met votum, sang, wet en belydenis, skriflesing, bevestiging van die nuwe leraar, en alles wat daarmee saamgaan, en die Woord word suiwer en reg verkondig. Jy hoor weereens die woorde Jesus as die gekruisigde alleen..... Na afloop van die erediens, besef jy weereens dat God self sy gemeente instand hou. Die kerk is nie dood nie, die Kerk Lewe, God regeer. Hiermee ons opregte geluk en voorbeding vir Ds Louis Alberts en sy gesin, wat nou in die Hervormde Kerk Koster gaan woon en werk, en dat hulle sal voortbou op die werk wat reeds daar gedoen is, dat hulle en die gemeentedele met dieselfde geluk

en ywer hulle werk daar sal doen tot eer van die Here. Die Here is goed vir ons. Alida van Wyk.



#### PIETERBURG BEVESTIG DS THYS FOURIE

Ds JM Fourie {Thys} is op 13 April 2014 deur sy broer dr. Malan Storm bevestig in die amp van predikant van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes en wel in die gemeente Pietersburg. Hy het hiermee geskiedenis gemaak deur dat hy die eerste predikant is wat akkrediasie ontvang het in die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes .



#### **Bondsvergadering:**

- Die geloofsbriewe vir die GHG se tweede Bondsvergadering is reeds elektronies aan alle gemeentes versend. Kerkrade moet seker maak dat hulle dit wel ontvang het en by die eersvolgende vergadering van ampte afgevaardigdes nomineer.
- Komitee voorsitters word herinner aan die vergadering wat DV Donderdag

15 Mei 2014 om 10:00 'n aanvang neem. Die agenda vir die Bondsvergadering sal daar gefinaliseer word.

- Die Susters gaan ook op die tweede dag van die Bondsvergadering byeenkom. Alle belangstellendes is welkom.

**Inbetalings:** Dankie vir die positiewe reaksie, mar daar is nog steeds inbetalings wat nie verdiskonteer kan word nie. Ons versoek weer: Lidmate en gemeentes wat inbetalings maak in die Bond se bankrekening, moet alle besonderhede van die transaksie, insluitende datum en waarvoor die geld geormerk is, aanstuur na ons kassier, ouderling Tom Greeff. U word versoek om alle vorige transaksies se besonderhede ook aan te stuur na [tomcases@lantic.net](mailto:tomcases@lantic.net).

#### **BANKBESONDERHEDE:**

Naam: G H G (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: **6243 092 3088**

Takkode: **250 655**

#### **Regsake**

Ooreenkomstig die onderneming wat aan almal gegee is om eerlik en openlik te wees ten opsigte van die regsproses, regskostes en die regsfonts wat in die lewe geroep is, die volgende inligting:

- Gemeentes word daaraan herinner dat beide die gemeente en die vereniging 'n mandaat aan ons regspan moet gee. U word versoek om die mandate op die laatste 15 Mei 2014 in te handig.
- Die regspanne sal oor 'n maand byeenkom en daaroor in gesprek tree. Daar sal derhalwe vir die volgende maand geen "nuwe verwickelinge" wees nie.
- Gemeentes waar die eiendomme in gedrang is, word vriendelik versoek om die **Christelike weg te volg** en aan te hou probeer om 'n tussentydse samewerkingsooreenkoms oor die gebruik

van die eiendomme en die gebruik van opgehoopte fondse te onderhandel.

#### **KENNISGEWINGS**

##### **Koersvas en Die Skietlood:**

- Weens probleme met die internet en die adminbeampte se rekenaar het ons geen rekord van diegene wat 'n gedrukte kopie van (Jaargang 1) Koersvas en Die Skietlood bestel het nie. Dit kos R 40 per eksemplaar. U moet asseblief van voor af bestel by [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net).

##### • **Bybelvasvrae:**

Bybelkennis is onvervangbaar. Die Woord van God moedig ons deurlopend aan om die Woord te bestudeer en dit te oordink. Psalm 1: 1 & 2 sê: "*Dit gaan goed met die mens ...wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.*" Ontvang hiermee die nodige inligting met betrekking tot die Bybelvasvrae vir 2014. Bestek:

**Die briewe van Johannes.** (1; 2 & 3 Johannes)

**Heidelbergse Kategismus**– Sondag **1 tot 8.**

**Pretoria** se gemeentes hou hulle vasvrae 10 Augustus 2014.

#### **Drukwerk:**

Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

**Vir aandag:****Alle GHG dames en Damesverenigings**

U word uitgenooi na ons dames konferensie. Die doel van die byeenkoms is om onderlinge kommunikasie te bewerkstellig en mekaar te ondersteun.

PLEK: Gemeente Theresapark

DATUM: Maandag 9 Junie 2014.

Tyd: 09:00 – 13:00

Verdere inligting sal met verloop van tyd gekommunikeer word.

**Vir aandag:****Alle GHG komitees en voorsitters van komitees**

Alle Kerkrade van Onafhanklike Gemeentes

Soos u reeds weet, vind die Bondsvergadering van die Geloofsbond plaas op 8; 9 en 10 Junie 2014 te Gemeente Theresapark. Met dit in gedagte is die volgende sake van uiterste belang:

- Op 15 Mei 2014 om 10:00 te Gemeente Meyerspark vergader alle voorsitters van die onderskeie komitees met die oog op die finalisering van die Agenda vir die Bondsvergadering.

Die sukses van enige vergadering hang af van deeglike voorbereiding. U word daarom vriendelik versoek om stiptelik by bogenoemde reëlings te hou.

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING** by  
**018 381 1494.**

Stuur u gemeente se **kennisgewings en nuusbrokkies** na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) vir opname in die volgende Koersvas.

**Vir aandag: Kerkrade en Gemeentes,**

Hiermee word u versoek om die datum van die **Bondsvergadering van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes** vir 2014 op u gemeentelike kalender te teken. Die besonderhede is as volg:

PLEK: Gemeente Theresapark

DATUM: 8 tot 10 Junie 2014.

Verdere inligting sal met verloop van tyd gefinaliseer en gekommunikeer word.

# PREMIERMYN HERVORMDE KERN

## Buitewyk-Fondsinsameling

### Wen 'n mini-BOERDERY

U staan 'n kans om 'n mini-BOERDERY te wen deur 'n kaartjie te koop vir R100-00. Die opbrengs van die projek is ten bate van Premiermyn Hervormde Gemeente, Cullinan.



Die mini-BOERDERY bestaan uit drie jong Nguni verse en 'n jong Nguni bul.

Die wenner van die mini-BOERDERY mag ook vra dat die vier Nguni beeste op 'n veiling verkoop kan word. Die bedrag wat vir die beeste gekry word is dan ook die kontant bedrag wat die wenner sal kry.



Die trekking sal op 16 November 2014 na die erediens onder toesig van die Ouderlingevergadering geskied, waarna die gelukkige wenner telefonies in kennis gestel sal word.

**Kontak Hans 084 581 2905**